

Hoe maak ons sin uit die coronavirus pandemie?

Gedurende Desember 2019 breek die coronavirus in China uit. Dit word spoedig duidelik hierdie virus het die vermoë om vinnig te versprei, veral in die afwesigheid van 'n effektiewe entstof. Aanvanklik was die impak beperk tot die onmiddellike omgewing van Wuhan. China bou inderhaas nuwe hospitale om siekes te versorg, en stel verskeie maatreëls in wat die beweging van mense inperk om sodoende die verspreiding te probeer kortwiek. Maar die virus versprei tog – eers bereik dit die lande om China, later Europa, Amerika, Afrika, en dit blyk goed op koers te wees om die hele wêreld te besmet. Die ernstigheid van die siekte verskil van mens tot mens: sommiges het ligte simptome en herstel relatief vinnig, ander word baie siek, en sommiges sterf. Alhoewel die kans vir ouer mense en die met ander onderliggende mediese kondisies groter is om ernstig siek te word, maak hierdie virus nie onderskeid oor wie geïnfekteer word nie: alle vlakke van die samelewing is kwesbaar, en al word nie almal ewe siek nie, kan almal die virus verder versprei.

Die impak wêreldwyd is enorm. Oor die laaste paar weke moes een na die ander politieke leier opstaan en maatreëls aankondig met die doel om die verspreiding van die siekte te vertraag sodat mediese dienste die volumes kan hanteer. Daar word ernstig gewerk om 'n effektiewe entstof te ontwikkel, maar dit blyk onrealisties te wees om te verwag dat dit beskikbaar sal wees binne die volgende 12 maande. Intussen val wêreldmarkte dramaties. Besighede moet tydelik hulle deure sluit en regerings moet geld beskikbaar stel om te help met oorlewing. Boonop word dramatiese beperkings ingestel om veral internasionale reise te verminder, en op baie plekke word mense gedwing om in isolasie te lewe.

Dit alles het in die loop van slegs drie maande gebeur! En die verwagting is dat die situasie eers nog slegter gaan word, voor dit verbeter.

Hoe maak 'n mens sin uit sulke gebeure? Ons as Christene is tog oortuig dat die Drie-Enige God soewerein in beheer is. Hoekom laat Hy sulke dinge toe? Is dit dan nie waar dat God beloof in Romeine 8:28 dat alles ten goede sal meewerk vir die wat Hom liefhet en volgens Sy besluit geroep is nie? Ja, ons sou dit miskien nog kon aanvaar as hierdie siekte selektief ongelowiges geteiken het, sodat hulle hulle tot God moet bekeer. Maar dis nie die geval nie – mense word geïnfekteer ongeag hulle geloofsoortuigings. Hoe kan dit “ten goede” wees?

Om dit te verstaan, moet ons na die groter prentjie kyk: God is die Skepper van hemel en aarde. En Hy het met 'n doel geskep: Sy doel is dat die ganse skepping, insluitend die mensdom, Hom moet erken en verheerlik. Kyk maar net na die volgende Skrifgedeeltes:

- Psalm 72:19 – Mag Sy verhewe Naam vir altyd geloof word, mag die hele wêreld vol wees van Sy majesteit. Amen, ja amen.
- Habakuk 2:14 – Soos waters die seabodem bedek, so sal die magtige teenwoordigheid (OAV: heerlikheid) van die Here oral op aarde geken word.
- Romeine 11:36 – Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen.

Hoe lyk die realiteit van die samelewing van ons tyd? In 2 Timoteus 3:1-5 lees ons dat in die laaste dae (d.w.s. die periode tussen Jesus se hemelvaart en Sy wederkoms, en dus die tyd waarin ons lewe) die mense gekenmerk sal word deur onder andere: selfsug, geldgierigheid, grootpraterigheid, verwaandheid, ongodsdienstigheid, meer liefde vir genot as vir God. Hulle sal die uiterlike skyn van die godsdienst hê sonder om die krag daarvan te ken. Klink die volgende vir jou bekend? Sekere politieke leiers wat aan die begin van hierdie pandemie met groot bravade aangekondig het hulle sal hierdie saak spoedig onder beheer hê, net om 'n paar dae later te moet erken dit is 'n krisis. Of kyk

na die reaksie op die aandelemarkte waar almal rondskarrel om so gou moontlik hulle geld te onttrek om nie te veel te verloor nie. Of die klagtes van sportmanne wat solank geoefen het vir sekere byeenkomste wat nou afgestel is weens die virus. Reisigers is ontsteld oor hulle lang beplande internasionale vakansies in die wiele gery word deur 'n verbod op internasionale vlugte. My indruk is ons samelewing is meer besorgd oor genot as God!

Kan ek jou herinner aan wat Jesus sy dissipels in die Onse Vader leer om te bid: "Ons Vader wat in die hemel is, laat U Naam geheilig word" (Matteus 6:9). Onthou wat ons hierbo gesê het God se oorkoepelende doel met die skepping is: Hy moet verheerlik word. Dit is ook wat Jesus leer in die Onse Vader: Die Vader se Naam moet geheilig word. Hoe vergelyk dit nou met die fokus van die samelewing van ons tyd? Ja, daar is sekerlik gelowiges wat hulle daarop toelê om met erns God se verheerliking na te jaag, maar die grootste deel van die samelewing se fokus is eerder op genot. En waar daar nog sprake is van godsdienstigheid, is dit dikwels bloot skyn.

Die verstommende is nou die volgende: As ons bid "Laat U Naam geheilig word", dan is dit 'n bede waarin ons die Vader vra dat Hy persoonlik sal toesien dat Sy Naam geheilig word. Boonop is dit 'n bede wat volgens God se wil is – immers is dit wat Jesus geleer het ons moet bid, en duidelik is dit belyd met God se oorkoepelende doel met die samelewing. In 1 Johannes 5:14-15 word ons beloof dat as ons volgens God se wil bid, **sal** Hy ons gebede verhoor. Dus kan ons verwag dat God sal optree ter wille van Sy Naam. Dit is wat besig is om te gebeur met die coronavirus. Dit is God aan die woord. Hy bring letterlik die hele wêreld tot stilstand. Hy neem al die vorme van genot waarin ons ons so graag verlustig, weg. Hy dwing ons om in ons huise te gaan sit en dink. Hy konfronteer ons met 'n saak van lewe en dood. Sy vraag aan die mensdom is eenvoudig: Waar is my eer?

- Ongelowige, wees besorgd! God het binne drie maande bykans alle reisplanne wêreldwyd gestop. Terselfdertyd het Hy die finansiële markte ernstig geskud. Besighede, skole, sport- en vermaaklikheidsbyeenkomste het Hy gestop. Baie is al, en heelwaarskynlik gaan nog baie meer spoedig in isolasie wees. Baie gaan siek word, en verskeie gaan sterf. In die afwesigheid van al die dinge wat soveel van jou tyd in beslag geneem het, het jy tyd om te dink: Waarmee is jy besig? Wat is die sin van jou lewe as al hierdie dinge wat jy jaag so vinnig kan verdwyn?
- Skyngelowige, word wakker! Jesus is baie duidelik in Sy brief aan die gemeente in Laodisea (Op 3:14-22): Hulle het gedink hulle is skatryk, maar Jesus oordeel hulle is ellendig, beklaenswaardig, arm, blind en kaal. Hy sê as hulle tog maar warm of koud was, maar nou is hulle lou, tot so 'n mate dat Hy op die punt staan om hulle uit te spoeg! Hy roep hulle, en alle lou gelowiges, op om hulle met erns tot Hom te bekeer.
- Gelowige, wees aktief! Julle is die mense wat hierdie gebeure in die regte perspektief moet plaas. God het die wêreld aan die einde van hulle eie wysheid gebring. Hy het die dolle gejaag na wind gestop. Dis nou die tyd om in hierdie stilte die wêreld op te roep tot versoening met hulle Skepper sodat hulle kan deelneem aan die vreugde om Hom te verheerlik, en selfs in Sy heerlikheid mag deel.

Daar is groter dinge om oor besorgd te wees as bloot net fisiese gesondheid en voortbestaan.